

Cost of the Cross – 40 Days

"If Christ calls a man, He bids him come and die." Dietrich Bonhoeffer

"Hy wat nie sy kruis opneem en my volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie. Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind."
Matteus 10:38-39

WEEK 1

Dag 1 – *Maandag 11 Maart* - ***SOKKIES***

Matteus 4:12-17 (v 17) *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."*

Die boodskap van Jesus is meer radikaal en robuust as waaraan ons gewoond geraak het. Oor die jare het ons die opwinding en wonder verloor – te gewoond geraak aan kerk en hoe ons dinge doen. Wanneer laas het jy koue rillings gekry oor Jesus se boodskap? Wanneer laas het jy die boodskap van Jesus gelees en het dit jou tot in jou sokkies geruk?
Sê nou die boodskap van Jesus kan werklik die wêreld verander en ons mis nog die heeltyd die punt?

Dag 2 – *Dinsdag 12 Maart* - ***POWER***

Matteus 15:10-20 (v 16) *"Verstaan julle dit nog nie? Antwoord Jesus."*

As jy 'n groot erfporsie in die bank het en dit nie glo nie, dan mis jy uit op ongelooflike potensiaal. Dieselfde is waar oor die boodskap van Jesus. Dit kan soveel meer in ons lewens doen, as ons dit net wil glo, as ons Hom net wil vertrou en op sy Woord vat. Moet nie onderskat hoe powerful die boodskap van Jesus is nie!

Dag 3 – *Woensdag 13 Maart* - ***GOED***

Matteus 5:1-2 *"Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom en Hy het hulle geleer..."*

Alhoewel Jesus se boodskap baie persoonlik is, was dit nooit bedoel om privtaat te wees nie. Dit is goeie nuus – bedoel vir elke persoon op elke plek in hierdie wêreld. Al reeds met sy geboorte sing die engele van die goeie nuus van groot blydskap! Goeie nuus wat vertel van 'n nuwe Koning en 'n nuwe koninkryk met 'n uitnodiging om deel te word daarvan: Maar dit gaan jou lewe kos. Want, om hierdie goeie nuus te glo, vra dat ons anders moet begin leef. Hierdie koninkryk is ook nie net bedoel vir eendag as ons sterf nie – dit is bedoel vir hier en nou. Ons moet vandag sterf!



Dag 4 – *Donderdag 14 Maart* - ***HART***

Esegiël 36:26-27 *"Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee. Ek sal die kliphart uit julle liggame uithaal en julle 'n hart van vleis gee."*

In die Ou Testament sien ons hoe profete gereeld na vore kom en die volk teregwys en aanmoedig om hul verhouding met die Here reg te kry. Prietsers het meer sorg geneem vir die dag tot dag instandhouding vna mense se godsdiens, maar profete het opgetree om 'n nuwe rigting aan te dui of om uit te wys waar mense hul verhouding met die Here mis. Jesus was so 'n profeet. Hy het gekom om 'n nuwe koninkryk te vestig en hierdie koninkryk bein in ons harte.

Dag 5 – *Vrydag 15 Maart* - ***HIER***

Matteus 6:25-34 (v 33) *"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*

Jesus praat oor 'n nuwe koninkryk, maar sy bedoeling was nooit dat dit eers vir eendag as ons dood is bedoel is nie. Jesus sê self dat met sy koms die koninkryk naby gekom het, of soos een van die Engelse vertalings dit vertaal *it is at hand.* Ons dink maklik dat daar eers 'n klomp ander goed moet gebeur, in ons lewens en in mense en dan sal die koninkryk kom. Ons mis die plot. Jesus se koninkryk is klaar hier en met alles wat ek doen bou ek dit, of breek ek dit af. Wat sal dit wees?

Dag 6 – *Saterdag 16 Maart* - ***BLESS***

Lukas 4:16-19 en Genesis 12:1-3 *"Ek sal jou seën... en jy moet tot 'n seën wees. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."*

Die Joodse geskiedenis begin met die opdrag om die wêreld te bless. Maar in die res van die Ou Testament lees ons eerder hoe hulle hierdie plot mis, vir hulleself leef en hulle koninkryke probeer bou het. En nou kom Jesus en begin Hy weer daar as Hy in Lukas 4:18 verklaar dat Hy gekom het vir armes, gevangenes, blindes, almal wat genade nodig het. Jesus breek deur alle grense van klas, ras, godsdiens, moraliteit, etiek en ekonomie, om mense, alle mense te bless. Die manier van sy rewolusie werk anders – *and it did change the world!* Wie bless jy vandag?

Dag 7 – *Sondag 17 Maart* - ***MAGIC***

Matteus 21:31,43 "*Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in. Die koninkryk sal van julle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal lewer."*

Dit lyk of die mees godsdienstige mense van Jesus se tyd nie oop was vir sy boodskap oor 'n nuwe koninkryk nie. So maklik dink ons dat die boodskap van die nuwe koninkryk die werk en fokus is van godsdienstige "professionals." Wat as die grootste verskil in die wêreld nie gemaak word deur deur dominees of pastore nie, maar deur doodgewone mense wat die boodskap van Jesus elke dag uitleef in klaskamers, kantore, kombuise, fabrieke en op straat? Dan raak die boodskap van die kruis weer magic, opwindend en inspirerend want dit word geleef met hoop en vreugde en nie net gepraat en na geluister nie.



WEEK 2

Dag 8 – *Maandag 18 Maart* - ***SCRATCH***

Johannes 3:1-18 (v 3) *"Daarop sê Jesus vir hom: Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."* **(v 16)** *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."*

Vir Jesus is die ewige lewe baie meer as die lewe na die dood. Later in Johannes praat Jesus net van die lewe, en die lewe in oorvloed. In Joh 17:3 sê Jesus: *"Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enigste ware God en Jesus Christus wat deur U gestuur is."* Die bedoeling is dus baie duidelik nie vir 'n lewe na die dood nie, maar vir 'n lewe waarin ons vir God en vir Jesus ken. Nicodemus leer dat hy weer gebore moet word – of in ander woorde, van voor af sal moet begin as hy Jesus wil verstaan en op 'n nuwe manier moet begin dink oor hoe 'n verhouding met God werk, amper soos 'n baba wat van *scratch* af alles nuut moet leer.

Dag 9 – *Dinsdag 19 Maart* - ***WATER***

Johannes 4:1-10 (v 10) *"As jy geweet het wat God gee en wie dit is wat vir jou sê: Gee my 'n bietjie water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het."*

Jesus praat in beelde, Hy gebruik metafore, die meeste verhale is gelykenisse en Hy vra die heeltyd vrae. Hoekom? Kon Hy nie maar net direk gesê het wat Hy bedoel nie? Sou dit nie vir ons makliker gewees het nie? Dalk was dit vir Jesus belangriker om op 'n journey met ons te gaan, om met ons te engage, eerder as om vir ons 'n klomp antwoorde te gee. Dalk moet ons eerder soekend kom en aanhou vrae vra en aanhou om onsself te challenge.

Dag 10 – *Woensdag 20 Maart* - ***SHAPE***

Matteus 13:34 *"Al hierdie dinge het Jesus vir die mense in gelykenisse geleer en sonder 'n gelykenis het Hy hulle niks geleer nie."*

In Matteus 13 vertel Jesus 6 gelykenisse wat vertel hoe sy koninkryk werk (*Onthou: nie net die lewe na die dood nie, ook die koninkryk/lewe waarvan ons nou al deel is.)* Almal vertel van iets wat verborge is – saad, mostersaad, 'n skat, 'n pêrel, vis in die see. In elkeen is daar 'n verrassende ontdekking of gevolg – vrug, saad, oes, skatte, 'n groot vangs. Met gelykenisse daag Jesus die hoorders en die lesers (ons!) uit om nuut te hoor, dieper te dink, om self vrae te begin vra, nuwe moontlikhede te ondersoek en dit shape ons harte – dit is hoe *spiritual transformation* werk. Bekering beteken letterlik 'n herdink, heroorweeg en 'n nuwe opsie oorweeg, om te erken dat ek dalk iets verkeerd verstaan het en die nuwe verstaan 'n kans gaan gee, dat my hart moet verander. Soos Nikodemus wat weer gebore moes word – dieselfde woorde.



Dag 11 – *Donderdag 21 Maart* – ***GRENSE***

Lukas 4:31-44 (v 40) *"Hy het hulle een vir een die hande opgelê en hulle gesond gemaak."*

Jesus doen wonderwerke, Hy maak mense gesond, wat alles tekens was van die aanbreek van sy koninkryk. Vir ons logiese, meganistiese, ordelike, realistiese Westerse moderne mense is dit soms moeilik om raak te sien dat daar goed gebeur wat ons nie met ons wetenskaplike denke kan uitredeneer en verklaar nie en beskou dit maklik as *"onmoontlik"* omdat dit buite die beperkinge van ons menslike verstandelike vermoë is – asof ons beperkte denke ooit die maatstaf vir God se werklikheid kan wees! Hoekom kan God se genade nie deur ons beperkinge en grense breek nie?

Dag 12 – *Vrydag 22 Maart* – ***VARS***

Lukas 5:17-26 (v 26) *"Vandag het ons ongelooflike dinge gesien."*

Jesus se wonderwerke het mense genees en herstel, nooit afgebreek nie. Dit het vars geloof uitgedaag. Baie keer was dit simboliese tekens wat soos padtekens 'n nuwe pad aandui van 'n goeie koninkryk wat oppad is, wat ruimte maak vir die geloof in iets nuuts en onverwags wat voorheen onmoontlik was en nou moontlik word want God is hier! Die manier hoe Jesus na die wêreld kyk is beter as ons manier want Hy is binne in hierdie wêreld besig om dit beter te maak. Ons beleef 'n ander soort aanval deur 'n koninkryk van vrede en genesing en vergiffenis en nuwe lewe.

Dag 13 – *Saterdag 23 Maart* – ***SPORE***

Lukas 11:14-23 (v 20) *"Aangesien Ek dus deur die vinger van God bose geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom."*

Jesus wou die bose ontmasker. Keer op keer in die Bybel lees ons hoe Hy hulle ontbloot en in die lig uitbring om boosheid aan die kaak te stel en uit wys vir wat dit werklik is. Dit het altyd saam gegaan met bevryding, genesing en herstel en met die bevestiging dat God se koninkryk so 'n ander soort houvas kry in mense se lewens. Jesus bring lig en nuwe lewe wat ander spore in mense se lewens wil kom trap. Spore van genade en hoop en God se krag wat teenwoordig is en werk en vry maak.

Dag 14 – *Sondag 24 Maart* – ***PLAN***

Matteus 16:21-28 *"Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat mense wil hê."*

Jesus het geweet dat die bose mense se lewens wil vernietig en dat die bose orals teenwoordig is, selfs in goeie mense –Petrus –om sy koninkryk te keer. Jesus is nie bang om selfs die Fariseërs – die kerkleiers van sy tyd, goeie mense – aan te vat oor wat verkeerd is nie. En daarom wou hulle Jesus doodmaak en die beweging wat Hy begin het vernietig. Jesus se plan is om 'n gesonde, kreatiewe, nuwe soort gemeenskap te vestig wat 'n teen-mag teen die vernietigende mag van boosheid wat wou vernietig, breek en steel, moes wees. Maar die manier wat Jesus dit gedoen het was anders. Hy kom dien, en vergewe en sterf omdat Hy lief is. Geen mag is sterker as dit nie.



WEEK 3

Dag 15 – *Maandag 25 Maart* – ***SKANDE***

1 Korintiërs 1:18 *"Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."*

Watter alternatief het ons? Met sy dood wil dit lyk of daar 'n einde gebring is aan die boodskap en impak van Jesus. Dit wil lyk of genade en liefde en waarheid en omgee nie kan wen nie. Wat is die alternatief? Om net so hard met geweld (*of hemelse magte en bonatuurlike ingrype*) terug te slaan? Of om beter argumente te hê en mense met logika te oortuig? Wat as die enigste manier hoe hierdie nuwe koninkryk sy egtheid kan wys, deur swakheid en prysgawe en vulnerability en opoffering en sterf is? Dit wil wys dat die enigste manier hoe ons kan leef is om te sterf , die enigste manier hoe ons kan slaag is deur te misluk. Dit is hierdie teenoorgestelde gees en gesindheid, wat nie 'n skande is nie, maar die sterkste krag en mag is wat daar ooit was en sal wees.

Dag 16 – *Dinsdag 26 Maart* – ***OË***

Markus 8:31-38 (v 34) *"As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg."*

Om aan 'n kruis te sterf was nie net wreed nie, die gekruisigde het nie net geweldig gely nie, maar is ook verwerp. Dit was 'n geweldige vernedring om gekruisig te word. Daarmee is probeer om die gekruisigde letterlik so sleg as moontlik te laat lyk as die laagste van kriminele denkbaar. Die doel was om ander af te moedig om dieselfde oortreding te begaan. Jesus het aan die kruis gely en Hy is verwerp, verneder. Hy is verwerp as Messias, as die een wat kwansuis sou red. As Jesus ons roep om Hom te volg, dan is dit hierdie pad van sterf, maar ook van vernedering in die oë van mense.

Dag 17 – *Woensdag 27 Maart* – ***SELF***

Markus 8:31-38 (v 34) *"As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg."*

Om jouself te verloën is nie net een handeling nie, dit is 'n lewensingesteldheid, 'n lewenslange pad wat jy kies om te stap. Dit is nie selfmoord nie, maar self-sterf. Ek lewe nie meer vir my en my eie belange nie. En dit is amper die heel moeilikste, want ons lewens draai baie diep oor onsself. En soms is mense in geloof en godsdiens net ter wille van hulle eie verlossing en heiligmaking – wat daarin is vir hulle. Jesus se opdrag is op 'n sekere vlak presies die teenoorgestelde – dit gaan nie meer oor jou nie.



Dag 18 – *Donderdag 28 Maart* – ***CHEAP***

Markus 8:31-38 (v 34) *"As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg."*

Nooit mag ons die erns van dissipelskap, die erns daarvan om Jesus te volg afwater tot 'n *emosionele-beter-voel-godsdiens* nie. Dan word die opdrag van kruis-dra te groot en 'n geweldige las op gelowiges en te veel gevra. Dit was nooit die bedoeling nie. Ons is soms gemakliker met 'n goedkoper en makliker godsdiens. Om jou kruis te dra maak volledig deel uit van geloof – dit is die pad wat Jesus geloop het en daarsonder het ons nie geloof nie. Dit is die enigste pad wat ons loop as ons Jesus volg, daar is nie 'n ander pad nie.

Dag 19 – *Vrydag 29 Maart* – ***WORSHIP***

Matteus 21:1-11 (v 9) *"Loof Hom wat in die naam van die Here kom!"*

Ons kan nie altyd mense vertrou nie. Ons kan nie altyd mense se mooi-praatjies en lof vertrou nie, omdat daar baie keer maar 'n vraagteken hang oor ons motiewe. Dieselfde skare wat hossanna sing by Jesus se intog is die skare wat skree: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!" Ons hardloop gemaklik saam met die skare en verkies die meerderheidstem. Die vraag waaroor ons eerlik moet wees, is: "Wat bedoel ons met ons worship?" Ons is veronderstel om elke keer as ons worshipo pgewonde te wees oor ons Koning wat oppad is.

Dag 20 – *Saterdag 30 Maart* – ***LEEG***

Matteus 21:12-17 (v 13) *"My huis sal 'n huis van gebed wees."*

Jesus daag die kerk-toe-ganers van sy tyd uit in hierdie uitspraak. Die tempelplein was die plek waar enige iemand kon inkom, waar selfs nie-Israeliete welkom was, in hulle soeke na God. Hierdie plek word opgeneem deur handelaars, wat besigheid kom doen met godsdiens. Die gedagte was dat jy nie leë hande na God toe moes kom nie. Jy kan maar. God stel in jou hart belang en daarom is Jesus woedend, want die plek vir gebed is beset. Op die tempelplein kon enige iemand bid. En die bedoeling was nog altyd dat enige iemand na God toe kan kom. Dit is as ek bid waar ek my hart voor God uitstort en is dit nie die bedoeling van die ontmoeting tussen my en God nie?

Dag 21 – *Sondag 31 Maart* – ***AFBREEK***

Matteus 24:1-14 (v 13) *"Maar wie tot die einde volhard, sal gered word."*

Jesus weet sy dood is naby. As Hy praat oor die tempel wat afgebreek gaan word, dan is dit 'n voorspelling dat die tempel vernietig gaan word. Dit is ook 'n waarskuwing dat die manier waarop die Jode met hul godsdiens besig was sy waarde gaan verloor. Die manier hoe mense probeer om by God uitkom, verander oor tyd – Hy nie. Die waarde van ons godsdiens kan nooit aan 'n gebou of 'n ritueel gekoppel word nie. Maar ten diepste verwys Hy eintlik na Homself, wat gaan sterf, letterlik fisies afgebreek gaan word, doodgemaak gaan word. Jesus weet dat Hy oppad is na sy kruisdood toe. Ons praat nie altyd gemaklik oor die dood nie, maar dit is 'n werklikheid. Ons gaan elkeen ook sterf.



WEEK 4

Dag 22 – *Maandag 1 April* – ***OORLEEF***

Johannes 17:13-19 (v 9) *"Maar nou kom Ek na U toe. Ek Ek sê dit terwyl ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê."*

Jesus weet sy dood is naby. Vir Hom was dit 'n geweldige troos dat Hy na sy Vader toe gaan – daarvan was Hy seker. As Jesus oor sy doodgaan praat het Hy vir geen oomblik getwyfel aan die uiteinde ne – Hy gaan na sy Vader toe. Maar dan praat Hy van die blydskap wat dit vir ons moet inhou. Weer gaan dit nie vir Jesus oor Homself nie, maar oor ons wat agterbly en hier in die wêreld moet leef met die fokus, nie om te oorleef nie maar om blydskap in sy volheid te mag hê, ten spyte van die bedreiging van dood, lyding of enige iets op ons pad.

Dag 23 – *Dinsdag 2 April* –***ANGEL***

Matteus 24:29-31(v 30) *"Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit."*

Die dood is nooit die einde van die pad nie. Vir gelowiges is dit nie of die ligte afgesit word of die deur toegetrek word en alles verby is nie. Die dood is nie die finale hoofstuk nie. Jesus kom weer. Later skryf Paulus in 1 Kor 15 dat die dood se angel getrek is. Omdat Jesus die dood gaan oorwin en weer gaan terugkom, kan ons anders na die dood kyk. Die dood steel nie Jesus se krag nie. Jesus kom weer met krag en majesteit. Die dood is nie die einde van die pad nie.

Dag 24 – *Woensdag 3 April* –***VANDAG***

Matteus 24:32-35 (v 35) *"Die hemel en aarde sal vergaan, maar my woorde nooit."*

Van Matteus 21-25 praat Jesus oor sy dood en oor die oordeel wat oppad is. Jesus is baie ernstig dat daar 'n tyd kom waar ons gaan moet rekenskap gee van ons lewens op aarde. Hierdie gesprek moet ons hê voor dit te laat is, voordat ons sterf. Anders is dit te laat. En ons almal weet dat ons gereed moet wees om vandag te sterf. Ons is bang vir die dood. Jesus se troos is hier dat ons sy woord(e) het. Dit is ons anker, ons kompas vir hierdie pad. Hoe nader ons dood kom, hoe stywer moet ons aan sy woord vashou.

Dag 25 – *Donderdag 4 April* –***PARFUUM***

Matteus 26:1-13 (v 30) *"Deur hierdie reukolie op my liggaam uit te giet, het sy My voorberei vir my begrafnis."*

My pa het altyd vir ons as kinders gesê dat hy nie eendag blomme op sy graf wil hê nie. Ons kan dit eerder vir hom gee terwyl hy nog leef. Hoeveel keer het ek nie al gehoor van mense wat spyt was oor iets wat hulle nog wou doen of nog wou sê en nou is die persoon oorlede. Spyt kom altyd te laat. Vandag moet jy reukolie gee. Dalk is dit waarvan Paulus in 2 Kor 2:14 praat as hy sê dat ons oral 'n aangename geur moet wees. In Matt 26 is ons baie naby aan Jesus se dood en weer stry sy dissipels oor sake wat werklikwaar nie so belangrik is nie. Die blomme wat jy vandag gee en die reuk olie wat jy uitgooi wys hoeveel hulle naby aan jou vandag vir jou werd is.



Dag 26 – *Vrydag 5 April –**DROP***

Matteus 26:14-16, 20-25, 31-35 (v 25) *"Is dit miskien ek, Rabbi?"*

Verraai en verloën staan in die skadu van die kruis. Dissipels wat Jesus drop is die heel naaste aan Hom. En ons kan baie maklik baie hard wees op hulle, maar dit is ons ook. As ons liewers stilbly en niks sê nie. As ons wegdraai en iets anders bo Hom kies. As sy fokus nie meer ons sin is nie. As sy dood ons nie meer raak nie. Petrus en Judas was baie naby aan Hom en drop Hom toe dit saak maak. Jesus weet dit vooraf en is nie bang om hulle in die oë te kyk en daarmee te challenge nie. Hy was nooit bang vir die waarheid nie. Waarmee challenge Hy jou? Hoe drop jy Hom?

Dag 27 – *Saterdag 6 April –**TAFEL***

Matteus 26:26-30 (v 26) *"En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: Neem, eet: dit is my liggaam."*

Saameet is powerful. Baie goeie tye in ons lewens was om die kombuis- of etenstafel. Dit is waar ons lag en huil, droom en baklei. Dit is waar ons lewens geshape word. Dit is waar ons mekaar in die oë kan kyk en eerlik mag wees, en eet en drink en lewe. Vir Jesus was dit ook so. Hulle het ook geweet hoeveel waarde is daar in saameet (*Hoeveel keer lees ons ook nie hoe Jesus deur sy bediening saam met mense eet nie!*) Hy het brood gevat en dit gebreek en sy hart oopgemaak vir sy dissipels, hulle in die oë gekyk en Homself gegee. Moenie aansit en net eet nie. Stop. Elke ete is powerful en moet ons herinner aan Jesus wat Homself vir ons gee. Dalk is dit eintlik hoekom ons moet bid met ete.

Dag 28 – *Sondag 7 April –**CLUE***

Matteus 26:36-46 (v 38) *"Bly hier en waak saam met My."* **(v 41)** *"Waak en bid sodat julle nie in versoeking kom nie."*

So maklik lees ons hierdier verhale en hou ons dit net 'n armlengte van ons af. Skud ons ons koppe in teleurstelling oor dissipels wat nie kan wakker bly en bid nie. Verstaan hulle nie hoe erg dit vir Jesus moes gewees het nie? Nee, hulle doen nie. En ons het ook nie 'n clue nie. Dalk was jy al by 'n sterfbed van iemand vir wie jy lief was. Dalk het jy al met iemand wat weet dat die dood oppad is, gepraat. Jesus vra dat ons waak en bid, want ons gebede maak 'n massive verskil – in ons, maar ook vir iemand op 'n sterfbed. Ek het vir tannie Louisa op haar einde gereeld Psalm 23 gelees – "*Die Here is my herder. Ek kom niks kort nie... even though I walk through the valley of the shadow of death, I will fear no evil, for thou art with me."*



WEEK 5

Dag 29 – *Maandag 8 April –**BLOED***

Matteus 26:36-46 (v 39) *"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."*

Jesus weet wat vir Hom voorlê en Hy weet hoe erg dit gaan wees. En Hy sweet bloed, want Hy was volledig mens ook wat bang was om dood te gaan en daarom bid Hy, pleit Hy by sy Vader: "*Vader, is daar nie 'n ander manier, 'n ander pad, 'n makliker oplossing nie?"* Dalk sê God niks, want daar is nie 'n ander pad nie. Jesus moes sterf. Iemand moes betaal vir die losprys op ons koppe. Iemand moes in ons plek sterf. Daar is nie 'n ander pad as ons wil leef nie, as ons wil glo dat die dood nie die einde is nie, as ons wil glo dat ons geloof in hierdie Jesus die lewe betekenis gee. Jesus het geweet hoe erg dit gaan wees om hierdie pad alleen te stap. Daarom was Hy miskien so teleurgesteld toe Hy sy dissipels aan die slaap kry.

Dag 30 – *Dinsdag 9 April – **VEILIG***

Matteus 26:57-67 (v 59) *"Die priesterhoofde en die hele Joodse Raad het vals getuienis teen Jesus prober kry sodat hulle Hom kon doodmaak."*

Jesus was 'n massiewe bedreiging vir die Joodse godsdiens van sy tyd. Die aanklag was dat Hy 'n nuwe koninkryk wou vestig en die kerkleiers sou alles in hulle vermoë doen om dit te keer. Hulle was dood tevrede met hoe hulle godsdiens was. Dit was vir hulle 'n bekende en veilige plek en niks moes verander nie. Hulle was bereid om daarvoor dood te maak. Jesus was bereid om vir sy koninkrkyk en sy mense dood te gaan. Daar is nogal 'n groot verskil tussen hierdie twee benaderinge.

Dag 31 – *Woensdag 10 April – **SPYT***

Matteus 26:69-75, 27:3-9 (v 70) *"Maar hy het dit voor almal ontken: Ek weet nie waarvan jy praat nie."*

Spyt kom gewoonlik te laat. Arme Petrus was so vol bravado toe hy verklaar het dat hy Jesus nooit sou verloë nie, totdat hy direk gekonfronteer word daarmee in 'n situasie waar dit hom iets sou kos. Judas het gedink dat hy Jesus kon gebruik om 'n opstand teen die Romeinse heersers te begin. Soms is ons goeie voornemens (Petrus) en verkeerde motiewe (Judas) juis dit wat ons in die moeilikheid laat beland. En baie keer is daar geen pad terug nie, of so dink ons. Judas het gedink hy is in 'n doodloopstraat en hy neem sy eie lewe. Petrus ontdek gelukkig later hoe kragtig is Jesus se vergiffenis. Dit is die enigste pad terug.



Dag 32 – *Donderdag 11 April* – ***HANDE***

Matteus 27:11-26 (v 24) *"Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid."*

Was Pilatus onskuldig? Is ons onskuldig as ons staan en kyk en niks doen nie? Is ons onskuldig as ons nie kant wil kies nie? Is ons onskuldig as ons saam met die meerderheid loop en bang is om stroom op te gaan. Dan is ons almal skuldig omdat ons liewers, om vrede te bewaar soms niks sê nie en dan kies ons vir Barabbas. As jy agter Jesus wil aanloop moet jy kant kies. End it is 'n minderheidsbesluit. Ons kan nooit ons hande was en skouers optrek nie. Ons weet beter.

Dag 33 – *Vrydag 12 April* –***SPOT***

Matteus 27:27-44 (v 29) *"Hulle vleg 'n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom 'n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: Ons groet u, Koning van die Jode."*

Ons wil nie 'n koning hê wat swak is en waarmee mense spot en op wie hulle spoeg nie. Ons wil 'n koning hê wat sterk is en van die kruis kan afkom en met krag en geweld Homself laat geld. Jesus is nie daardie (soort) koning nie. Mense kan maar spot en lag en hom probeer uittart en belaglik maak. Hy is 'n ander soort Koning. 'n Koning wat die wang draai en gee en vergewe en omgee en nie terugkry nie. Hy is die ware Koning wat 'n hemelse mag kon inroep en al die spotters in 'n oogwink kon vernietig. Maar Hy verdra die spot en die pyn en lyding van die kruis, omdat Hy besig is om 'n ander soort koninkryk te bou.

Dag 34 – *Saterdag 13 April* – ***KARAKTER***

Lukas 23:33-34 (v 34) *"Toe sê Jesus: **Vader, vergewe hulle**, want hulle weet nie wat hulle doen nie."*

Geen ander woorde in die Bybel gee vir ons 'n duideliker prentjie van Jesus se karakter as hierdie woorde nie. Dit is liefde op sy beste. Blootgestel aan vernedering en teleurstelling en pyn en spot en massive lyding was sy antwoord: *Vader, vergewe hulle*. Jesus het die vermoë om sy dade by sy woorde te sit. Die kruis was die begin van 'n hoër stel waardes. Jesus het geweet dat die oog-vir-'n-oog filosofie die hele wêreld blind gaan maak. Hy het kwaad met goed oorwin. Hulle het Jesus in haat en woede gekruisig, hy het gereageer met *aggresiewe* liefde. Golgota sal altyd die herinnering wees dat slegs goedheid boosheid kan verslaan en net liefde haat kan oorwin.

Dag 35 – *Sondag 14 April* –***BLIND***

Lukas 23:33-34 (v 34) *"Toe sê Jesus: Vader, vergewe hulle, **want hulle weet nie wat hulle doen nie**."*

Die mense wat Jesus gekruisig het se probleem was dat hulle blind was. Dit was nie slegte mense wat geskree het: '*Kruisig hom*!' nie, maar blinde mense wat nie geweet het wat hulle doen nie. Goeie kerkmense van sy tyd het nie raakgesien wie Jesus was en wat Hy kom doen het nie, maar het in vrees en haat hulle oë toegemaak vir enige ander moontlikheid. Niemand is so blind soos die een wat nie wil sien nie. Jesus roep ons om met ander oë na mense en situasies, na swaarkry en lyding te kyk, om met 'n ander, nuwe gesindheid te begin leef. Die kruis daag ons uit om hierdie ander pad te stap.



WEEK 6

Dag 36 – *Maandag 15 April* – ***ALLEEN***

Matteus 27:45-50 (v 46) *"Teen drie uur het Jesus hard uitgeroep: Eli, Eli, lema sabagtani? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?"*

Jesus sterf alleen. Anders as enige ander wonder-verhaal in evangelies vind geen wonderwerk plaas nie, is daar geen goddelike ingrype nie. God doen niks! Jesus ly en sterf – onverdiend. Daar was niemand nog ooit so goed soos Hy wat so 'n wrede dood verdien het nie. En God bly stil. Was dit 'n verklaring dat Hy alleen deur hierdie diepe worsteling moes gaan? Dat Hy werklik Godverlate was? Dat daar vir Hom geen hoop, geen lig, geen uitkoms was nie? Niemand was nog ooit so close met mekaar soos God die Vader en God die Seun nie. Dit wat Jesus hier ervaar en verwoord is dieper en swaarder as enige iets wat ons ooit daaroor kan ervaar. Hy weet presies wat dit is om God verlate te wees.

Dag 37 – *Dinsdag 16 April* – ***ASEM***

Lukas 23:44-46 (v 46) *"Jesus het toe hard uitgeroep: Vader, in u hande gee Ek my gees oor. Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas."*

En selfs in hierdie heel diepste oomblik van pyn en lyding en alleen-wees en doodsangs, maak Jesus die diepste moontlike geloofsverklaring: '*Vader, in u hande gee Ek my gees oor*.' Hy stel Homself selfs in sy dood volledig tot God se beskikking. Jesus weet dat sy dood 'n kragte instrument in God se hande word – die kragtigste instrument. Hy vertrou sy Vader selfs met sy dood. Jesus weet dat al was sy ervaring aan die kruis dat God Hom verlaat het, dat sy Vader se hande steeds daar is om Hom te vang. En met daardie woorde sterf Hy. Maar hierdie dood is nie die einde nie. Die dood is nooit vir gelowiges die einde van die pad nie, nie as ons lewens in God se hande is nie.

Dag 38 – *Woensdag 17 April* – ***WELKOM***

Matteus 27:51-53 (v 51) *"Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur."*

Jesus se sterwe aan die kruis maak die pad na God toe oop. Jesus sterf sodat ons nooit meer Godverlate hoef te wees nie. Volgens die Jode mag net een priester een keer per jaar in die allerheiligste in die tempel ingaan, in God se teenwoordigheid verskyn**.** Dit beteken eintlik dat maak nie saak hoeveel offers jy bring of hoe goed jy leef nie – jy het nie 'n kans om by God uit te kom nie. Nou skeur die gordyn wat die allerheiligste afskort oop van onder na bo. Jesus sterf sodat die pad na God toe vir ons oop is. Jesus sterf sonder God sodat ons by God kan wees en maklik by God kan uitkom. Nou is enige een welkom.



Dag 39 – *Donderdag 18 April –* ***GODDELIK***

Matteus 27:54-56 (v 54) *"Hierdie man was werklik die Seun van God."*

Dit is mos gewoonlik hoe iemand in moeilike omstandighede optree wat die persoon se karakter die beste wys, wanneer ons sien wie die persoon werklik is. Dit is relatief maklik om die Here te dien as alles reg loop, maar as die lewe nie uitwerk nie, dan kom dit wat binne is na bo en na buite. Toe die Romeinse offisier die kruisiging sien en Jesus sien sterf, kon hy nie anders as om diep oortuig te wees dat net die Seun van God so kon optree. Dit is goddelik om te vergewe, om nie met geweld terug te slaan nie, om onreverdige lyding te verdra, om God te bly vertrou, om onskuldig te sterf.daarom mag ons glo dat hierdie koninkryk wat HY begin het, anders is.

Dag 40 – *Vrydag 19 April –* ***EINDE***

Matteus 27:57-66 (v 63) *"Na drie dae sal ek uit die dood opgewek word ."*

Ons weet dat Jesus opgestaan het. Ons weet dat sy dood nie sy einde was nie. Ons weet dat die kruisiging nie die einde van die pad was nie. Die Fariseërs het alles in hulle vermoë gedoen om te probeer om dit te keer. So maklik kan ons dink die dood is die einde. So maklik kan die gruwel van sy lyding en dood die fokuspunt van ons geloof wees. Daar is meer. Geen menslike plan of maatreël of voorsorg gaan Jesus keer nie. Nie eers die dood kon Hom keer nie, maak nie saak hoe wreed en hartseer en onregverdig dit was nie. Dit is nie die einde nie. Maak nie saak wat alles verkeerd loop vir gelowiges nie – Jesus se kruisiging en sterwe en opstaan is die waarborg dat dit nog nie die einde is nie! Want Jesus staan op en Hy leef.